

# DIAMANTUITVOERHEFFING

## Wat is dit?

Op 1 November 2008 is 'n diamantuitvoerheffing op ongepoleerde diamante, wat vanuit die RSA uitgevoer word, ingestel. Hoewel dit in die Wet op Diamantuitvoerheffing omskryf is, is dit SARS se mandaat om hierdie heffing in te vorder.

## Vir wie is dit?

Alle vervaardigers, handelaars, veredelaars en/of permithouers moet hierdie heffing betaal wanneer sodanige diamante uitgevoer word.

1. 'n Teruggawe-heffingsbetaler (d.i. 'n geregistreerde persoon wat die heffing betaal op die basis van periodiese opgawe, soos beskou in artikel 5(5) van die administrasiewet, sal die heffing betaal ingevolge die bepaling van artikel 5(1) van die diamantuitvoerheffing (administrasie)
2. 'n Permithouer word geag as 'n direkte heffingsbetaler [ 'n persoon wat nie kwalifiseer vir registrasie ingevolge artikel 2(1) van die administrasiewet nie of word geag as 'n persoon soos omskryf in artikel 5(1A) van daardie wet] en sal die heffing betaal voordat die ongepoleerde diamante vanuit Suid-Afrika uitgevoer word.

## Watter stappe moet ek volg?

Vervaardigers, handelaars en veredelaars wat met ongepoleerde diamante handeldryf, moet hul bedryf by SARS registreer.

Met registrasie sal die bedryf 'n doeane-kliëntekodenummer ontvang wat gebruik moet word wanneer uitvoerverklarings aan SARS gemaak word. Die volgende word vereis:

- Voltooiing van ses-maandelikse aksynsrekeninge, selfs as 'n "nulopgawe-rekening" verskuldig is.
- Voordat die aansoek om registrasie begin, moet die aansoeker die toepaslike permitte/lisensies by die reëlaar in Johannesburg kry.

## Wat is die uitvoerkoers en wat is die doel van hierdie diamantuitvoerheffing?

Die uitvoerkoers is 5% van die totale waarde minus oorbetalings of plus tekortbetaling. Die doel van die diamantuitvoerheffing, soos omskryf in beide die Wet op Diamantuitvoerheffing, nr. 15 van 2007, en die Wet op Diamantuitvoerheffing (Administrasie), nr. 14 van 2007, is om:

1. Die ontwikkeling van die plaaslike ekonomie te bevorder deur die plaaslike diamantindustrie aan te moedig om diamante plaaslik te proses (sny, poleer, ens.);
2. Vaardighede te ontwikkel; en
3. Werk te skep.

## Wanneer en hoe moet dit betaal word?

Die wet maak voorsiening vir ses-maandelikse betalings, d.i. twee keer per finansiële jaar. Die finansiële tydperk hang af of dit 'n natuurlike persoon of regspersoon is, bv. 'n besigheid.

Teruggawe-heffingsbetalers moet die heffing betaal ingevolge die bepaling van artikel 5(1) van die Wet op Diamantuitvoerheffing (Administrasie). 'n Permithouer word geag as 'n direkte heffingsbetaler en moet die heffing betaal voordat die ongepoleerde diamant(e) vanuit die Republiek uitgevoer word.

Dit kan deur middel van elektroniese bankoorplasing gedoen word of by wyse van 'n bankgewaarborgde tjek by bepaalde SARS-takke.